

INSTITUSIONELE REGULATIEWE KODE

Beleidsraamwerk		Regulasies/reëls	
Beleid	X	Constitution	
Prosedure (Handleiding)		Plaaslike dokument	
Riglyne		Ander (naam)	

Titel: Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat (SUT) Taalbeleid

Kategorie: Leierskap X
Akademies
Bestuur

Goedkeuringsgesag: Raad X

Aanspreeklike Beampte: Registrateur **Aangewese Beampte:** Registrateur

Eerste goedkeuring: N/A **Laaste wysiging:** 2015

Effektiewe implementeringsdatum: 17/09/2021

Hersieningsdatum: 17/09/2024

Verwysingsnommer: 1/P/1/D/21/10/20/01 **Vervang nommer:** A/13.1

Afdelingsverwysing (dui asseblief onder aan):

Onderrig en Leer		Registrateur	X
Navorsing, Innovasie en Betrekkinge		Kantoor van die Visekanselier en Rektor	
Hulpbronne en Bedryf			

Goedgekeur deur:

Raad

Resolusie: CM 37/21/10

Goedkeuringsdatum: 17 September 2021

Handtekening van goedkeuring:



SENTRALE UNIVERSITEIT VIR TEGNOLOGIE, VRYSTAAT (SUT) TAALBELEID

1. BELEIDSTELLING

- 1.1 SUT is daaraan toegewy om 'n inklusiewe omgewing te skep waarin respek vir diversiteit bevorder word. Verder is SUT daaraan toegewy om 'n taalryke omgewing daar te stel deur veeltaligheid in institusionele praktyke, en in die dag-tot-dag institusionele lewe, insluitende kern akademiese aktiwiteite, te bevorder. Die implementering van funksionele veeltaligheid moet doelgerig en sistematies geskied. In ooreenstemming met die Taalbeleidraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings, en Artikel 29(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika met betrekking tot taalgebruik in akademiese, professionele, administratiewe en sosiale kontekste, erken SUT die belangrike rol van taal en toegang tot taalvaardighede as krities in die bemagtiging van individue om hul volle potensiaal om aan die samelewing deel te neem and daartoe by te dra, te bereik.
- 1.2 Die SUT Taalbeleid (“**hierdie/die beleid**”) erken en neem kennis van die konstitusionele, wetgewende, statutêre en nasionale kontekste van SUT. Daarom het dit ten doel om redelike toegang vir alle SUT studente en personeel te vermeerder, en om pedagogies-gesonde onderrig en leer te fasiliteer. Taal by SUT moet dus toegang tot, en sukses in, akademiese, administratiewe, sosiale en professionele kontekste bevorder, en moet nie 'n struikelblok vir die universiteit se personeel of studente veroorsaak nie. Dit is van spesifieke belang ten opsigte van die regstelling van die resultate van vorige rasse-diskriminasie, en om te verseker dat daar geen direkte of indirekte diskriminasie teenoor enige huidige of toekomstige SUT personeel of student is nie. Aangesien ons kampusse in die Vrystaat provinsie geleë is, wy ons ons aan veeltaligheid toe deur te kies om die drie oorheersende tale in die Vrystaat provinsie te bevorder, naamlik Engels, Afrikaans en Sesotho. Die implementering van die SUT Taalbeleid sal egter aanpas by die veranderende taaldemografie en taalvoorkeure van die universiteit se personeel en studente.
- 1.3 Ongeag die bepaling van die akademiese taal, en die bevordering van inklusiwiteit, sosiale geregtigheid, versoening, veeltaligheid en transtaling, is hierdie beleid gegrond op die beginsels van *ubuntu* wat in die sleutelwaardes van SUT vervat is.

Dit sluit wedersydse respek en verdraagsaamheid tussen alle kulturele, taal- en geloofsgroepe in, en dus moet hierdie beleid vry van politieke invloede wees.

- 1.4 SUT sal voortgaan met sy pogings om sy studente en personeel te bemagtig om bedrewe in Engels, Afrikaans en Sesotho te wees. Suid-Afrikaanse Gebaretaal sal ook bevorder word. Die kontekstuele oorwegings vir die gebruik van hierdie tale is soos volg:

1.4.1 **Afrikaans**

Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertorium ontwikkel, en word deur baie inwoners in die Vrystaat provinsie gepraat. Die toepassing en verbetering van Afrikaans se akademiese potensiaal is 'n manier om 'n groot en diverse gemeenskap in Suid-Afrika te bemagtig.

1.4.2 **Engels**

Engels word wyd gebruik in kommunikasie wêreldwyd, en verskaf dus 'n algemene kode wat kommunikasie tussen sprekers van verskillende moedertale fasiliteer. Engels het dus belangrike besigheids-, akademiese en internasionale waarde. In die Suid-Afrikaanse konteks gebruik sprekers van die verskeie amptelike Suid-Afrikaanse tale ook Engels om met mekaar te kommunikeer. SUT gebruik dus Engels reëlmatig, maar nie uitsluitlik nie, in sy akademiese, professionele, administratiewe en sosiale kontekste.

1.4.3 **Sesotho**

Sesotho word deur die meeste sprekers van Afrikatale in die Vrystaat provinsie gebruik. Deur middel van spesifieke inisiatiewe, soos die ontwikkeling van leksikons in geïdentifiseerde akademiese programme, en die uitbreiding van Sesotho as 'n interne taal van kommunikasie, dra SUT by tot die bevordering van Sesotho as 'n ontwikkelende akademiese taal. Die universiteit het ook begin met die implementering van 'n Omgangs-Sesotho module vir alle eerstejaarstudente wie se moedertaal nie Sesotho is nie.

SNR

1.4.4 Suid-Afrikaanse Gebaretaal

Suid-Afrikaanse Gebaretaal behels die gebruik van 'n stelsel van handgebare, en hul plasing relatief tot die bolyf, gesigsuitdrukings, liggaamshoudings en vingerspelling, veral vir kommunikasie deur en met dowe mense deur middel van 'n gekwalifiseerde Suid-Afrikaanse Gebaretaal tolk. SUT is toegewy aan die bevordering van Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Dit sal geleidelik by vlagskipgeleenthede van die universiteit geïmplementeer word.

- 1.5 SUT is daaraan toegewy om streeksvennootskappe en samewerkende taalontwikkelings met ander universiteite en taalrade te ontwikkel.
- 1.6 Die SUT Taalbeleid Implementeringsplan bevat besonderhede rakende die implementering van hierdie beleid, en moet saam met hierdie beleid gelees word.
- 1.7 Die implementering van hierdie beleid sal gemonitor word deur middel van die SUT Taalbeleid Implementeringsplan, wat op 'n jaarlikse basis by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien sal word.

2. DEFINISIES EN AFKORTINGS

Die betekenis van die terminologie wat in hierdie beleid gebruik word, is soos volg:

Akademiese taal: Dit dui op die taal wat in akademiese transaksies gebruik moet word, insluitende alle onderrig- en leerondernemings van SUT, soos fasilitering, assessering, studiegidse, curricula, sillabusse, en klasnotas. Dit sluit, byvoorbeeld, die volgende in: vakrigting-spesifieke woordeskat, grammatika en leestekengebruik, beredenering en diskoers, en die toepassing van retoriese gebruike en gedagtes wat tipies vir die inhoudsarea is. Indien 'n spesifieke taal 'n vak is, moet dit volgens die vakkundige voorskrifte van daardie taal onderrig word.

Akademiese geletterdheid: Begrip van 'n reeks akademiese woordeskat in konteks; demonstrering van lidmaatskap aan 'n akademiese (dissiplinêre) gemeenskap deur te lees, skryf en dink op maniere wat met die waardes en sienswyses van daardie gemeenskap ooreenstem; versterking van ontwikkeling en vaardigheid in die taal wat vir loopbaan- en akademiese vordering benodig word.

SMR

Toegang: Die geleentheid wat deur 'n hoër onderwysinstelling aan studente gegee word om vir onderrig en opleiding te registreer, en dit voort te sit; of die geleentheid vir personeellede om vir die instelling te werk.

Afrikatale: Tale inheems aan die Afrika-kontinent.

Samewerkende vennootskappe: Twee of meer mense of instellings wat saamwerk om 'n spesifieke doelwit te bereik.

SUT: Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat.

Anders bevoeg: Die teenwoordigheid van 'n beperking in die vermoë om studies op die gewone manier voort te sit weens 'n verandering in liggaamsfunksie (fisies of verstandelik).

Epistemiese toegang: Suksesvolle verkryging en verspreiding van kennis deur die implementering van onderwys- en leerpedagogiek.

Hoër onderwys: Alle leerprogramme wat lei tot 'n kwalifikasie wat aan al die vereistes van die Kwalifikasieraamwerk vir Hoër Onderwys voldoen.

Hoër onderwysinstellings: Instellings wat hoër onderwys op 'n voltydse, deeltydse of afstandsbasis aanbied, en wat volgens die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) as publieke hoër onderwysinstellings gevestig en verklaar is.

Inklusiwiteit: Die omhelsing van diversiteit, en die saambring van mense uit verskeie agtergronde op verskillende institusionele vlakke.

Inheemse tale: Tale met hul erfeniswortels in Afrika (ook "Afrikatale" genoem); tale wat inheems aan 'n land is, en wat deur inheemse mense gepraat word.

Institusionele transaksie(s): Dit dui op alle vorme van interaksie en kommunikasie – geskrewe of anders – tussen lede van die universiteitsgemeenskap, en tussen die universiteit en die publiek.

Taal/Tale van Leer en Onderrig (TLO): 'n Taal of tale wat in die leer/onderrig van studente binne 'n onderwyskonteks gebruik word.

SMR

Taal van geleerdheid: 'n Taal wat in die akademiese konteks gebruik word vir die skeep en verpreiding van kennis, en vir die doel van tegnologie-oordrag.

Veeltaligheid: Die vermoë van samelewings, gemeenskappe, instellings, groepe en individue om in hul daaglikse lewens in verskeie tale om te gaan.

Amptelike Suid-Afrikaanse tale: Die 11 amptelike tale van Suid-Afrika soos bepaal in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, naamlik Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu en Engels.

Wetenskaplike taal: Die taal van, verbandhoudend met, afgelei van, of gebruik in wetenskap, vakkundige werk, of navorsingsbevindinge, en wat ooreenstem met die beginsels of metodes wat in die wetenskap gebruik word.

Sosiale kohesie: Die mate waartoe 'n samelewing geïntegreer, verenig en funksioneel is, wat 'n omgewing vir sy inwoners verskaf waarin hulle kan floreer, en in vrede saam kan leef.

Die/hierdie beleid: Die SUT Taalbeleid.

Transtaling: Die proses waarvolgens veeltalige sprekers verskeie tale as 'n geïntegreerde kommunikasiestelsel gebruik, dikwels tegelykertyd.

Ubuntu: 'n Gees van kameraadskap, menslikheid en deernis (South African Concise Oxford Dictionary 2002:1272). Dit word dikwels vertaal as "Ek is omdat jy is", wat beteken dat 'n persoon 'n persoon deur ander mense is (Ifejika 2006). Dit benadruk deel, solidariteit, deernis, broederskap en kollektiewe moraliteit (Hendriks s.j.:5)¹.

¹ Dictionary Unit for South African English. 2002. *South African Concise Oxford Dictionary*.

Hendriks, C. s.j. Ethics and Governance. (Ongepubliseerde studiegids.) Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Ifejika, N. 2006. *What does ubuntu really mean?*

(<https://www.theguardian.com/the-guardian/2006/sep/29/features11.g>)

Toegang verkry op 06 Augustus 2020.

SMR

3. DOEL VAN DIE BELEID

- 3.1 Die doel van die SUT Taalbeleid is om die beplanning, bestuur en gebruik van taal by SUT te rig, en sodoende te verseker dat taal nie 'n struikelblok vir sosiale insluiting, gelykheid van toegang, geleentheid of effektiewe kommunikasie is nie, of die sukses van ons studente belemmer nie.
- 3.2 Die beleid dien om effektiewe onderlig en leer, navorsing, en dienslewering by SUT te fasiliteer.
- 3.3 Verder dien die beleid om geleenthede vir veeltaligheid in alle sferes van universiteitslewe te bevorder en te skep deur taalkundige diversiteit binne SUT se streeks-, nasionale en internasionale kontekste te akkommodeer. Te dien effekte is SUT toegewy aan:
- 3.3.1 die ontwikkeling van inheemse Afrikatale as akademiese en wetenskaplike tale;
- 3.3.2 die voortdurende ontwikkeling van Afrikaans as 'n akademiese taal; en
- 3.3.3 die bevordering van die drie gekose streekstale van die Vrystaat provinsie, naamlik Engels, Sesotho en Afrikaans, in alle sferes van universiteitslewe.
- 3.4 Die beleid dien om die akademiese geletterdheid van al ons studente te bevorder.
- 3.5 Laastens sal die SUT Taalbeleid toegang, gelykheid en inklusiwiteit verseker deur Suid-Afrikaanse Gebaretaal toenemend in te faseer ten einde studente wat onderrig in Suid-Afrikaanse Gebaretaal vereis, te akkommodeer.
- 3.6 Die volgende beginsels moet oorweeg word wanneer die implementering van die SUT Taalbeleid geïnterpreteer en gerig word:
- 3.6.1 SUT erken die komplekse rol van taal in die samelewing, en beskou alle tale as hulpbronne vir die skep van kennis.

gmh

- 3.6.2 SUT erken en respekteer die taalkundige diversiteit, taalvoorkeure, en taalvaardigheidsvlakke van sy personeel en studente.
- 3.6.3 SUT erken die rol van akademiese geletterdheid in die skep van kennis in verskillende vakgebiede.
- 3.6.4 SUT erken die belangrikheid van die skep van taaldienste en akademiese ontwikkelingsdienste wat van geskikte en voldoende personeel voorsien is ten einde die implementering van hierdie beleid te ondersteun, en alle taalontwikkeling- en -bevorderingsaktiwiteite wat met die SUT Taalbeleid verband hou, te koördineer.
- 3.6.5 Die implementering van die SUT Taalbeleid pas aan by die veranderende taaldemografie en taalvoorkeure van die universiteit se personeel en studente.
- 3.6.6 Om uitvoering te gee aan die bepalings van die Taalbeleidraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings rakende die ontwikkeling van inheemse tale, en ten einde die gepaste stappe te neem wat vereis word met betrekking tot die ontwikkeling van amptelike tale, moet 'n Sentrum vir Taalontwikkeling by SUT gevestig word.

4. OMVANG EN TOEPASSING

- 4.1 Hierdie beleid moet geïnterpreteer en toegepas word op 'n manier wat met die volgende ooreenstem:
 - 4.1.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996);
 - 4.1.2 die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997), soos gewysig;
 - 4.1.3 die Witskrif vir Naskoolse Onderwys en Opleiding (2013);
 - 4.1.4 die Taalbeleidraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings (2020);
 - 4.1.5 die Nasionale Kurrikulumverklaring: Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring: Graad R tot 12
 - 4.1.6 die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Wet No. 59 van 1995);
 - 4.1.7 die Nasionale Ontwikkelingsplan;
 - 4.1.8 die SUT Statuut;

SMA

- 4.1.9 SUT se Taalbeleid Implementeringsplan;
- 4.1.10 SUT se Visie 2030;
- 4.1.11 SUT se Strategiese Plan 2021 – 2025; en
- 4.1.12 SUT se Transformasieplan.

4.2 Hierde beleid het 'n impak op SUT se personeel, studente, belanghebbendes, en die gemeenskap wat ons bedien.

5. BENADERING EN FILOSOFIE

5.1 Taal van onderrig, leer en assessering

- 5.1.1 Waar bewysbare vaardighede in een of meer tale (Afrikaans en Sesotho) buiten Engels vasgestel is, sal sulke vaardighede en inisiatiewe toegelaat en aangemoedig word in alle leeromgewings, soos die klaskamer, laboratoriums, ens. Waar sodanige vaardighede, inisiatiewe, woordeskat, of ander hulpbronne ontbreek, sal beleggings gemaak word om die ontwikkeling van Afrikaans en Sesotho in tale van onderrig en leer, vakkundigheid en navorsing te verseker. Die SUT Taalbeleid Implementeringsplan bevat besonderhede rakende hoe dit geïmplementeer moet word.
- 5.1.2 Transtaling, of kodewisseling, kan in alle leeromgewings gebruik word om die verkryging van spesifieke onderriguitkomste te verseker, op voorwaarde dat dit nie ander uitsluit in terme van die fasilitering van begrip nie. Daar moet gewaak word teen die gebruik van 'n spesifieke taal indien dit negatiewe implikasies in terme van studente se akademiese prestasie sal inhou.
- 5.1.3 Assesserings sal in Engels, Afrikaans en Sesotho geskied. Kwalifiseerders vir assesserings in Afrikaans en Sesotho is in SUT se Taalbeleid Implementeringsplan vervat.
- 5.1.4 Studente mag verhandelings of tesse in Engels, Afrikaans of Sesotho indien. Wat publikasies betref, is die keuse van die taal van publikasie die navorsers se voorreg. Navorsers moet egter veranderlikes soos die doel van die navorsingsverslag en die teikengehoor in ag neem. Indien die verhandeling of tesis in Sesotho of Afrikaans geskryf is, kan dit in Engels vertaal word om 'n wyer

SMR

gehoor te bereik. Dit sal in ooreenstemming met die kwalifiseerders wat in SUT se Taalbeleid Implementeringsplan gestipuleer is, geskied.

5.2 Individuele konsultasies met studente

- 5.2.1 Nieteenstaande Paragrafe 5.1.1 tot 5.1.2 hierbo, waar fasiliteerders van studente 'n behoefte aan verdere fasilitering in 'n ander taal identifiseer, mag sodanige behoefte geakkommodeer word in individuele sessies buite die gewone leeromgewing.
- 5.2.2 Ingevolge Paragraaf 5.2.1 hierbo, bepaal hierdie beleid nie die taal van kommunikasie tussen die akademiese werknemer en student in omgewings wat in die voorafgaande paragrafe beskryf word nie, maar neem aan dat die keuse van taal deur onderlinge ooreenkoms bepaal word. Daar word aanbeveel dat waar 'n student se vaardigheid in 'n taal anders as sy/haar huistaal 'n ernstige kommunikasiehindernis veroorsaak wat reggestel kan word deur op 'n student se huistaal terug te val, moet die gebruik van die student se huistaal aangemoedig word.
- 5.2.3 In gevalle waar 'n akademiese werknemer nie oor die onderrigsvaardigheid in die student se huistaal beskik nie, moet hy/sy die student verwys na 'n akademiese werknemer of senior student wat vaardig in die toepaslike taal is, en wat gewillig en in staat is om die student by te staan.

5.3 Voorsiening vir studente wat anders bevoeg is

- 5.3.1 Handeling met studente wat anders bevoeg is (insluitende die teenwoordigheid van dove, deelsiende of blinde persone) moet hanteer word op 'n buigbare en sensitiewe wyse wat ooreenstem met die gees, raamwerk, doelwitte en waardes van hierdie beleid, soos gelees saam met SUT se Beleid vir die Voorsiening van Studente met Gestremdhede ("Gestremdhedsbeleid").
- 5.3.2 In uitsonderlike omstandighede sal studente wat anders bevoeg is, voorsien word van onderrig- en leersituasies om hul spesifieke taalvereistes wat met hul spesifieke gestremdheid verband hou, aan te spreek. Byvoorbeeld, voorsiening kan gemaak word om vertalingsdienste in Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bied aan studente wat volgens SUT se gestremdhedsbeleid daarvoor kwalifiseer,

gmr

indien dit binne die perke van SUT se hulpronne is, en onderhewig aan goedkeuring in terme van die Taalbeleid.

5.3.3 Die universiteit mag, op versoek en waar haalbaar, spesiale kommunikasiehulpmiddels wat deur studente met sensoriese gestremdhede vereis word, voorsien, soos die gebruik van gekwalifiseerde Suid-Afrikaanse Gebaretaal tolke.

5.3.4 Die universiteit sal 'n kort kursus in Suid-Afrikaanse Gebaretaal ontwikkel vir personeel en studente wat in gebaretaal belangstel en 'n passie daarvoor het.

5.3.5 In ooreenstemming met die herstrukturering en implementering van 'n Afrikatale Departement, sal SUT daarna streef om 'n Suid-Afrikaanse Gebaretaal kursus te ontwikkel vir studente wat in Suid-Afrikaanse Gebaretaal belangstel en 'n begeerte het om dit te leer.

5.4 Taal van mondelingse en geskrewe korrespondensie

5.4.1 Amptelike korrespondensie by SUT sal in Engels, Afrikaans en Sesotho plaasvind, op voorwaarde dat dit redelik haalbaar is om dit te doen. Die bepaling van taalkeuse vir interne en eksterne kommunikasie sal die situasie en konteks van kommunikasie oorweeg, die doel en toekomstige roete van die kommunikasie, en die taalbehoefte en vlakke van taalvaardigheid van die teikengehoor. Sodanige amptelike korrespondensie sluit kommuniqués en dokumentasie wat aan alle belanghebbendes gerig is, in, maar is nie daartoe beperk nie.

5.4.2 Veeltaligheid sal in mondelingse en geskrewe kommunikasie geakkommodeer word, in die mate dat belanghebbendes van SUT met mekaar in hul taal van voorkeur kan korrespondeer.

5.5 Taal van algemene kommunikasie

5.5.1 Engels sal as die taal van algemene kommunikasie in al SUT se ondernemings gebruik word, insluitende vergaderings en vergaderingsdokumentasie, werksinkels, seminare, en opleidingsessies. Sesotho en Afrikaans mag egter ook gebruik word, afhangende van die teikengehoor.



5.5.2 Engels, Afrikaans en Sesotho sal parallel in universiteitsdokumentasie gebruik word. Dit sluit universiteitspublikasies, communiqués, tydskrifte, dokumentasie rakende personeel en studente, ens. in, maar is nie daartoe beperk nie.

5.5.3 Die universiteit se logo moet Engels, Sesotho en Afrikaans insluit.

5.6 Taal van institusionele transaksies

5.6.1 Engels, Afrikaans en Sesotho sal die primêre tale wees wat gebruik word vir beide interne en eksterne transaksies, soos telefoonresponse en persoonlike navrae, gebaseer op onderlinge ooreenkoms tussen personeel, studente en/of 'n ander persoon, op voorwaarde dat geen ander party of derde persoon taalkundig uit sodanige institusionele transaksie uitgesluit word nie.

5.6.2 Statutêre en ander hoë-vlak vergaderings van die universiteit sal in Engels gehou word. Afhange van die teikengehoor kan vergaderings binne departemente, afdelings en eenhede egter in Engels, Afrikaans of Sesotho gehou word, of hierdie tale mag afwisselend gebruik word, gebaseer op die teikengehoor.

5.6.3 Amptelike seremoniële of gedenkgeleenthede van die universiteit, soos gradeplegtighede, amptelike openings, rou-seremonies en openbare lesings, moet die gebruik van die drie gekose tale van die universiteit (Engels, Sesotho en Afrikaans) reflekteer. Kulturele geleenthede sal in enige toepaslike taal aangebied word, om die taalkundige diversiteit van die universiteit te weerspieël. Alle vorme van vermaak en sport sal in enige van die universiteit se drie gekose tale geskied, afhange van die teikengehoor, en op voorwaarde dat geen ander derde party of persoon taalkundig uitgesluit word nie.

5.7 Taal van rekord

5.7.1 Engels sal as die taal van rekord gebruik word in alle agendas, notules van statutêre en hoë-vlak vergaderings, beleide, prosedures, handleidings, amptelike e-posse en alle rekords van SUT.

SMM

5.7.2 Engels, Sesotho en Afrikaans sal gebruik word in communiqués aan personeel en studente, universiteitsadvertensies, en e-poskommunikasie tussen personeellede wat in hul moedertaal met mekaar wil kommunikeer.

5.8 Personeel- of studenteverhoudinge

5.8.1 Alle deelnemers aan personeel- of studenteverhoudinge-sake het die reg om gebruik te maak van die dienste van 'n tolk om die verrigtinge in enige amptelike Suid-Afrikaanse taal van hul keuse te vertolk, of om van die dienste van 'n gekwalifiseerde Suid-Afrikaanse Gebaretaal tolk gebruik te maak.

5.8.2 'n Deelnemer, personeellid of student by 'n dissiplinêre verhoor moet die universiteit ten minste sewe dae voor die aanvang van die verhoor in kennis stel dat hy/sy 'n taal anders as Engels gaan gebruik, ten einde SUT in staat te stel om tolkdienste te verskaf; of dat hy/sy 'n gekwalifiseerde Suid-Afrikaanse Gebaretaal tolk benodig.

6. ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

6.1 Alle personeel en belanghebbendes het 'n verantwoordelikheid om die SUT Taalbeleid na te kom.

6.2 Elke fakulteit en ondersteuningsdepartement van die universiteit moet 'n taalplan goedkeur en implementeer, in konsultasie met die toepaslike uitvoerende bestuurder, die Bestuurskomitee, en die Senaat. Sodanige taalplanne moet met hierdie beleid ooreenstem. Die SUT Taalbeleid Implementeringsplan verskaf meer besonderhede in terme van die onderskeie rolle, verantwoordelikhede en tydlyne, en hoe die beleid geïmplementeer moet word.

6.3 Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad sal SUT met die monitering en evaluering van die implementering van die universiteit se Taalbeleid bystaan.

7. AFVAARDIGING VAN GESAG

SUT se Afvaardigingsregister identifiseer die afvaardigings wat met die implementering van hierdie beleid verband hou.

SMR

8. HERSIENING VAN DIE BELEID

- 8.1 Die SUT Taalbeleid sal elke drie jaar hersien word, en met oorweging van ontwikkelings in die Taalbeleidraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings en SUT se eie dinamika tussen sy studente, personeel en belanghebbendes.
- 8.2 Die hersienings wat in Paragraaf 8.1 genoem word, sal nie enige periodieke wysigings wat gedurende enige drie-jaartydperk gemaak word, uitsluit nie, indien dit benodig word in terme van wetgewing, of deur 'n veranderende beleidsraamwerk vereis word.

9. VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE

Die SUT Taalbeleid moet saam met die volgende dokumente gelees word:

- die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996);
- die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997), soos gewysig;
- die Witskrif vir Naskoolse Onderwys en Opleiding (2013);
- die Taalbeleidraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings (2020);
- die Nasionale Kurrikulumverklaring: Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring: Graad R tot 12
- die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Wet No. 59 van 1995);
- die Nasionale Ontwikkelingsplan;
- die SUT Statuut;
- SUT se Taalbeleid Implementeringsplan;
- SUT se Visie 2030;
- SUT se Strategiese Plan 2021 – 2025; en
- SUT se Transformasieplan.

JMR

Erkenning

SUT erken dat sommige van die bewoording van die volgende bronne in hierdie beleid gebruik/aangepas is:

- Taalbeleidraamwerk vir Openbare Hoër Onderwysinstellings;
- Stellenbosch Universiteit Taalbeleid (2016); en
- Noordwes-Universiteit Taalbeleid (2018).

SMR